Untitled Document <table width="100%" border="0"> <tr> <td> Teen die hange van die Magaliesberg in Donkerhoek, staan'n trotse ou 'villa' uit die 19e eeu nog stewig op sy klipfondasie. Dié swierige ou opstal is teen groot moeite en koste deur 'n destydse lid van Paul Kruger se volksraad, JMA (Donkie) Wolmarans gebou. Hoekom sy bynaam Donkie was, is nie duidelik nie. Donkie Wolmarans was 'n vermoënde man wat 'n gedeelte van die oorspronklike plaas, Donkerhoek, in 1882 gekoop het. Die eerste eiendomsreg van die plaas is in September 1859 aan PJ Botha toegeken. Groot dele van die struktuur van die Wolmaranshuis, soos die houtsneewerk, vensters, balke, vloere, deure en kaggels, is uit Engeland en Europa verskeep en met ossewaens na Pretoria gebring. In die tweede Vryheidsoorlog is die huis deur die Engelse opgekommandeer om as hospitaal te dien. <table width="100%" border="0"> <tr> <td width="22%" class="style4">
?n Kristalkandelaar in die gang met die voordeur in die agtergrond. </td> <td width="36%" class="style4">
?n Baie ou wildevyeboom voor die imposante villa op Donkerhoek. </td> <td width="42%" class="style4">
Houtsneewerk op die stoep is uit Europa na Suid-Afrika verskeep. </td> </tr> </table> In 'n proefskrif deur CA Richards wat in 1984 geskryf is, word die Wolmaranshuis beskryf as 'n "villa wat nie tiperend van die tydperk is nie, maar tog die invloed van rykdom en kultuur in dié era weerspieël". In 1916 is die gedeelte van die plaas met die huis op deur 'n seun van Donkie, Jacobus Wolmarans, aan 'n sakevennoot van Sammy Marks, ene J Levin, verkoop. Die huis en grond is in 1924 deur JB Wouda gekoop en sedertdien woon sy nageslagte nog daar. JB Wouda was Dave Brink, wat sy hele lewe nog daar bly, se oupa. 'n Agterkleinkind, Ian McDoogle en sy vrou Suzette, bly ook in die ouvilla. Hulle is op die oomblik besig om dit geleidelik op te knap om die huis weer so na as moontlik aan sy oorspronklike glorie te kry. <table width="100%" border="0"> <tr> <td width="46%" class="style4">
 Di&#65533;swaarhout spie&#65533;kas uit die 18e eeu staan in die voorkamer. </td> <td width="54%">
 Die trappe wat na die opstal se voordeur lei. </td> </tr> </table> Dave se ma, Ella Brink, was 'n bekende in die omgewing en het die grootste deel van haar lewe, tot en met haar afsterwe 'n paar jaar gelede, in die ou opstal gewoon. Ella het vir jare die Avondson Hotel bedryf. Die hotel is langs die ou Bronkhorstspruitpad op die plaas gebou. Ella se ma was in die vroeë 1900's die eienaar van die bekende Wouda losieshuis in Pretoria. Gerugte doen al lank in die Bronberg gebied die rondte dat dit in die Wolmaranshuis spook. Dave lag net as jy hom daaroor uitvra. Hy sê sy broer Ian, wat nou in Kanada bly, sweer daarby dat hy in die nag voetstappe op die ou plankvloere gehoor het, maar hy wat Dave is, meen hy is die enigste spook wat daar bly. <table width="100%" border="0"> <tr> <td> <span

class="style4">
 Ella Brink by die destydse swembad van die Wolmaranshuis. </td> <td class="style4">
 Ella Brink as jong vrou voor die villa. </td> <td class="style4">
 ?n Vroe�e familiefoto voor die ou opstal geneem. </td> </tr> </table> </td> </tr> </table>